

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 17:10-22

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 17:15, 22

Die arm weduwee – God voorsien en gee lewe: vertrou en glo in Hom

Die wonders in hierdie Skrifgedeelte is vir meeste van ons baie bekend. Die weduwee self is egter vir ons onbekend: haar naam, familie of selfs volk word nêrens eens genoem nie.

Dis 'n vrou wat swaarkry geken het, so swaar dat sy te moeg was om te wou aangaan – nie eers ter wille van haar kind nie! Boonop lyk dit of daar niemand was wat vir hulle omgee het nie: ons lees nie van haar familie of stadsmense wat haar gehelp het nie.

Ons lei af dat sy nie 'n goeie verhouding met haar gemeenskap gehad het nie. En al woon sy buite Israel se gebied, het sy van die Here geweet, maar tog ook nie 'n persoonlike verhouding met Hom gehad nie: in vers 12 verwys sy na “u God” (d.i. Elia se God), en in vers 18 verwyf sy Elia dat die Here besig is om haar te straf.

Ten spyte hiervan doen God hierdie bekende wonders juis aan haar! Toe sy bereid was om die Here te *vertrou*, en uit die laaste bietjie wat sy oorgehad het *eers* vir Elia iets gee om te eet, ervaar sy hoe die Here voorsien sodat die drie van hulle genoeg gehad het om te eet (vs 15). Dit herinner ons aan Christus se belofte in Matteus 6:33 – God voorsien in alles wat ons nodig het wanneer ons ons allereers vir sy koninkryk beywer.

Met hierdie wonder het die weduwee sekerlik weer nuwe hoop en versterkte geloof gehad. Toe sterf haar seun en sy beskou die dood as straf op haar sondes. Nadat sy egter haar seun aan Elia toevertrou, ervaar sy die wonderwerk dat die Here lewe gee (vs 22)!

Christus sê ook vir ons in Johannes 11:25, wie in Hom *glo* (hulleself aan Hom toevertrou), sal lewe, al het hy/sy ook gesterwe.

Sing: Skrifberyming 17-1:6